

Anglo-Boereoorlog Hospitale in Heilbron tot Tokollo Hospitaal

• Renè Fourie

Tydens die Anglo-Boereoorlog 1900-1902 het die Britte Heilbron geannekseer op die 7de Junie 1900. Leë huise is deur die soldate geplunder. Kos was beperk en gesinne wie se mans op kommando was se rantsoene was gevat. Namate die Boere se aktiwiteit toegeneem het, moes die distrikte ontruim word, terwyl nabygeleë Frankfort deur die Britte gebrand was. Verwydering van hierdie gesinne was genoodsaak. Die vlugtelinge was in leë huise in Heilbron gehuisves, wat soms ongemaklik oorvol was.

In Desember 1900 het hulle die eerste groep arm vroue en kinders na Heilbron gebring. Hulle was soos verlore skape aan die genade van die vyande uitgelewer, sommige met net 'n klein bondeltjie beddegoed ander met net klere - geen kos, geen panne of potte, selfs nie eers 'n beker om uit te drink nie. Baie van die huise waar hulle geplaas was, was deur soldate beskadig, meeste sonder deure en vensters. Kos was onbekostigbaar en die enigste fontein in Heilbron kon nie genoeg water vir die groeiende getalle voorsien nie. Die dorp het oorvol geword en tente moes opgerig word.

Op 22 Oktober 1901 was Heilbron besoek deur 'n Vrouekomitee. Daar was op daai stadium nog 1 655 vroue en kinders in huise in die dorp, terwyl 1 524 in tente was. Die konsentrasiekamp self was skoon en goed bestuur volgens die komitee. Die dorp se gesinne wat in akkommodasie gewoon het - het in kerkvestiging, in die hotel en nog ander in winkels wat oorvol was gebly met 'n gebrek aan privaatheid. Die kamp gevangenes was volgens die komitee beter af as ander burgerlikes, want hulle het vleis gekry, terwyl die res net twee-maandeliks ontvang het.

Die ernstige oorbevolking asook 'n tekort aan water, het die onvermydelike nagevolge gehad van siektes. Soldate van Bloemfontein en Kroonstad het vermoedelik tifuskoors oorgedra aan die ander soldate. Februarie 1901 het 'n tifuskoors-epidemie uitgebreek. Op die 21ste was daar reeds een en vyftig gevalle aangemeld, met geen sterftes nog op daardie stadium nie.

Die epidemie het weke lank aangehou met 'n lae sterftesyfer vermoedelik omdat so baie vroue en kinders nog in huise gewoon het. Trouens, die dorp en kamp was redelik gesond tot en met Augustus 1901. In die tyd het families uit Kroonstad aangesluit by die Heilbron konsentrasiekamp. 'n Masels-epidemie het met hulle saamgetrek. Die siekte is vinnig uit die tente uitgeweer omdat mense geïsoleer kon word, maar dit was baie moeiliker in die dorp omdat wonings oorvol was en hier het die siekte sy bitter tol geëis. Die maselsepidemie was die primêre oorsaak van dood in Heilbron.

Heilbron was bedien deur meestal van die plaaslike dokters. Dr Tregaskis, 'n dorpspraktisyn, was deur die tydsduur van die kamp die verteenwoordigende dokter. Die plaaslike distriktgeneesheer, Dr. Clayton, het ook dorpsinwoners bedien. Dr Spong van Brittanje het by Dr. Tregaskis aangesluit. Tregaskis het gereeld gekla oor die haglike werksomstandighede. Volgens hom was die militêre-kamp baie beter gevoed. Die Britte het nie net



Tokollo Hospitaal, ou vooraansig behou.

groter hoeveelhede voedsel gekry nie, maar hulle het ook konfynt, aartappels, rum, steenkool, kerse, voer en peper gekry.

Die dokters se betaling was belaglik laag terwyl die druk tydens die tifus-epidemie veeleisend was. Tregaskis was selfs meer verontwaardig toe hy hoor dat sommige kampdokters £ 500 per jaar ontvang het. Die £ 500 was vir inwonende mediese beamptes en Tregaskis was huiwerig om sy private praktyk heeltemal op te gee. Dr Clayton, die distriktgeneesheer, was selfs meer onwillig om enige finansiële veranderinge te maak. Die oplossing was deur die superintendent voorgestel, om al die inwoners wat in huise in die tentkampie woon, te verskuif. Maar daar was onvoldoende tente om sy planne uit te voer. Die eerste superintendent, W. Wagner, het van Worcester in die Kaapkolonie gekom. Dr. Wagner was in 'n moeilike posisie geplaas omdat die Britte geneig was om koloniale kampamptenare as tweederangs te beskou.

Geen permanente strukture (soos 'n hospitaal) was toegelaat in die konsentrasie tentkamp nie. Goold Adamson het ook probeer om die Heilbron-konsentrasiekamp te skuif, maar hy is deur die weermag verhinder. In die tyd was die Metodiste Kerk asook sy pastorie gebruik as 'n hospitaal asook die nou bekende CVO Skool in Heilbron.

Aan die einde van die Anglo-Boereoorlog het repatriasie nie so vinnig plaasgevind soos Adamson gehoop het nie. Einde van Desember 1902 was daar nog 200 mense in die konsentrasiekamp, waaronder twee wat nog in die tydelike hospitaal was, vermoedelik met tifuskoors. Die kamp is vroeg in Januarie 1903 finaal gesluit.

Op die 18 de Maart 1936 word die Heilbron Hospitaal amptelik in gebruik geneem. Na die dood van 'n vrou wat die nodige mediese hulp ontsê is - was die oprig van die hospitaal 'n noodsaaklikheid. Daar was met die munisipaliteit onderhandel. Insamelings is deur die destydse komitee gehou nl. Dr Ramsbottom,

Mnr W. Wright, Eerw J.W. Kok en Mnr I.A. Keyter van die munisipaliteit. Dr Ramsbottom het aan die werk gespring en begin kollekteer. Toe die fondse dit toegelaat het was die Provinsiale Administrasie genader om die distrik van Heilbron as 'n hospitaaldistrik te proklameer. Na al die formaliteite afgehandel was vind die proklamasie plaas op 26 Desember 1919. Die projek het eers in 1927 vlot begin verloop nadat £ 3000 bymekaar gemaak was (R6000). Die Provinsiale Administrasie kom egter nie hul ooreenkoms van 'n pond - vir pond stelsel na nie. Om verdragings te voorkom het die komitee vir die totstandkoming van die hospitaal, £ 1000 van wyle Oom Koos Grenewald geleen teen rente (R2000) en Heilbron Hospitaal laat bou en toegerus met £ 4000 (R8000) uitgesonder die woonkwartiere van die verpleegsters.

Heilbron Hospitaal het begin met 12 beddens vir blankes, agt beddens vir ander kleuriges, vier verpleegsters, ingesluit die matrone, vier ander kleurige assistente en ongeveer ses bediendes. Die hospitaal is op 18 Maart 1936 geopen deur Mnr J.C. Buys, L.U.K.


Dokter D.J. Serfontein het onherroeplik sy deel gelewer aan die Heilbron Hospitaal. Sedert hy homself gevestig het in Heilbron het hy hom beywer vir verbeterde fasiliteite en toereikende hospitaaldienste aan pasiënte. Sy eie inkomste het hy gedeeltelik afgestaan om die inrigting en sy dienste toereikend te maak. Die hospitaal word later die D.J. Serfontein hospitaal - 'n dankbare monument en nagedagtenis aan sy werk hier gelewer.

Dit is egter in die jaar 2002 nie meer toepaslik gevind deur Provinsiale Administrasie nie. 30 April 2002 hou die L.U.R. vir gesondheid Me Ouma Tsopo 'n vergadering en sê dat die Hospitaal se naam verander gaan word as deel van die transformasie proses. Heilbron Hospitaal - nee D.J. Serfontein Hospitaal - heet vandag Tokollo Hospitaal. Vandag staan die komitee wat so hard gewerk het om die

Heilbron Hospitaal op die been te bring se hospitaal bekend as Tokollo Hospitaal.

Die oorspronklike hospitaal is gebou deur die bekende Gerard Moerdijk. Hy was ook bekend vir die bou van die ou Volkskasbank nou Absa Bank. Tokollo Hospitaal het intussen gedaante verwissel ondergaan met aanbouings eers fase een toe fase twee. Die oorspronklike aansig van voor is egter behou.


Bronne: E.H. Hobhouse, War Without Glamour (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1924) MG and SRC files in the Free State Archives Repository [FSAR], CO files in the National Archives, United Kingdom NAUK]. Ladies Committee report, Cd 893, pp. 89-93. Heilbron 1873-1973 Feesalbum Daniel F. Erasmus Jr. Fotos: Piet Lombard



Gerard Moerdijk.



Ou Heilbron Hospitaal.



Militêre hospitaal in die Heilbron (in die verte) Konsentrasiekamp.